

Bruin hiënas op privaat grond:'n gids

Katy Williams



Erkennings en verantwoordelikhedsverklaring

Baie dankie aan Phillip Faure, Annaline Smit, en Letitia Kleynhans vir hul hulp met die vertaling van hierdie gids in Afrikaans. Groot dank aan Panthera, die Brown Hyena Research Project, Wendy Collinson, Rebecca Burlaud, Johan Botha, en Philip Faure vir hul toestemming om hul foto's in hierdie gids te mag publiseer.

Erkenning gaan ook aan die Primate and Predator Project (Durham University), die Earthwatch Institute, die anonieme skenker, asook die National Research Foundation (NRF) vir hul finansiële ondersteuning met die samestelling van hierdie gids. Die opinies en gevolgtrekkings in hierdie gids is dié van die skrywer en is nie noodwendig dié van die NRF nie.

Die skrywer sal nie verantwoordelik gehou word vir enige probleme wat moontlik onder enige omstandighede kan ontstaan as gevolg van enige roofdier- bestuurspraktyke wat in die boek bespreek word nie. Dit is en bly te alle tye die grondeienaar se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle produkte wettiglik en streng volgens die instruksies wat saam met die produkte kom, gebruik word.



1. Inleiding

Bruin hiënas (*Parahyaena brunnea*) word verskeie name genoem. Gedurende die tyd wat ek hulle intensief in die Limpopo Provinsie, Suid-Afrika, bestudeer het, het ek waargeneem dat mense na hulle as “wolf, strandwolf, weerwolf, jut, strandjut, phiri, en phele” verwys. Ek het met baie mense oor bruin hiënas gepraat, insluitend wildsboere, veeboere, minderbevoorregte gemeenskappe en toerisme-agentskappe. Party mense hou van hulle, ander haat hulle, en party is doodbang vir hiënas. Party mense het baie akkurate en deeglike kennis oor hulle gehad, terwyl ander foutiewe inligting oor hulle gehad het. Sommige mense, wat selfs tussen die hiënas bly, het nog nooit eers van die hiëna spesie gehoor nie. Ek het besef dat meer inligting oor die spesie bekend gemaak moet word, sodat wanbegrippe en -persepsies oor die dier met feite vervang kan word. Hierdie is ook ’n spesie-spesifieke bewaringsaksie soos geïdentifiseer deur die International Union for Conservation of Nature (IUCN).

Hierdie gids bevat baie inligting aangaande die bruin hiëna. Die doel is om grondeienaars se kennis aangaande hierdie nagdiere wat selde gesien word, op te knap en die voordele om saam met die bruin hiënas te leef, uit te wys. Bruin hiënas is nie ’n dier om voor bang te wees nie. Om die waarheid te sê, dit is voordelig om bruin hiënas op u plaas te hê. Bruin hiënas het privaat plase nodig om as ’n spesie te oorleef en privaat plase het hiënas vir ’n gesonde ekosisteem nodig.

Dr Katy Williams

Skrywer se epos: k.s.williams@durham.ac.uk

2. Informasie en uitkenning van die bruin hiëna



Bewaringsstatus: Feitlik bedreigde spesie

Grootte: 40 - 55 kg

Totale lengte : 1,4 m

Skouerhoogte: 80 cm

Dragtigheidstydperk: 90 dae

Aantal kleintjies: 2 - 4

Kenmerkende gelaatstrekke waaraan uitgeken word: Skuins rug met voorbene langer as die agterste bene. Lang, bruin hare en gepunte ore. Hare is voor ligter van kleur as agter. Strepe aan buitekant van bene. Kleiner in grootte as die gevlekte hiëna.

Gewoontes:

- Byna uitsluitlik aktief in die aand (nagdier).
- Jag of soek kos alleen, alhoewel hulle in groepe van 4 tot 15 individue leef.
- Slaap in 'n gemeenskaplike lêplek gedurende die dag.
- Lede van die groep werk saam om hulle gebied te verdedig en om die kleintjies te voed.
- 'n Klein groepie van die hiënas is nomadies en het nie 'n gevestigde habitat of gebied nie.
- Maak geen harde geluide nie. Kommunikeer meestal deur reukafskeidings.



3. Bruin hiëna verspreiding

Bruin hiënas word slegs in dele van Suid-Afrika, Botswana, Namibië, Zimbabwe, Mozambiek, en Angola gevind.



Hulle word in'n wye verskeidenheid habitatte van savanna bosveld tot woestyn, insluitend die Namibiese kuslyn aangetref. Hulle vermy areas met baie gevlekte hiënas omrede gevlekte hiënas voedselbronne oorheers. Aangesien hulle skaam, stil nagdiere is, kan hulle naby aan mense lewe sonder om partykeer ontdek te word.

Oop en onbeskermde gebiede is noodsaaklik vir die voortbestaan van bruin hiënas aangesien'n groot gedeelte van die totale hiënabevolking op plase bly.

Bevolkingsgetalle

Totale aantal bruin hiënas:
~ 5000 - 8000

Botswana: ~ 4600

Namibië: ~ 1500

Suid-Afrika: ~ 2000



Veldkamera foto's van 'n beesplaas in Limpopo Provinsie, Suid-Afrika. Foto A wys 'n bruin hiëna wat om 4:43 vm verbystap. Foto B wys beeste op dieselfde plek, minder as twee uur later. Die boer was - ten spyte van die veldkamera wat'n hoë vlak van hiëna-aktiwiteit aandui - nie daarvan bewus dat daar bruin hiënas op die plaas voorkom nie.

4. Tekens van bruin hiënas

Voetspoor



Krom tone met sigbare kloue. Soortgelyk aan gevlekte hiënas maar met 'n kleiner agterpootspoor. Gemiddelde voorpoot is 85 mm, maar die agterpoot is slegs 66 mm.

Afskeiding



Hiënas smeer analeklier afscheidings op grashalms af om hulle territoriale gebied mee af te baken. Die bruin hiëna is die enigste hiëna spesie wat twee spesifieke afscheidings op dieselfde halm afsmeer.

Mis



Worsvormige mis, dunner aan die een kant en gewoonlik segmentvormig. Word dikwels in 'n spesifieke area gedoen. Vars mis is bruin van kleur wat egter gou wit verkleur as gevolg van die hoë hoeveelheid been in die mis. Bruin hiëna mis is 3x kleiner (~ 50 g) as die gevlekte hiëna se mis (~ 150 g).

Slaapplek



'n Ondergrondse lêplek (links). Bruin hiënas maak ook blyplek in ruie plantegroei en in rotsskeure. Oorblyfsels van diere en mis word naby die ingang van hiënas se slaapplekke gevind.

5. Dieets van bruin hiënas

Bruin hiënas het 'n gevarieerde dieet. Hulle eet meestal vleis van medium tot groot soogdiere, maar sal ook voëls, reptiele, eiers, insekte, en selfs plantmateriaal eet.

Hulle is amper eksklusief aasvretend. Aasvretende diere vreet dooie diere in plaas daarvan om hul eie prooi te vang. Die wetenskaplikes wat bruin hiënas bestudeer het, het gevind dat hulle slegs 5% van die kos wat hulle verorber jag. Meeste van die diere wat hulle jag is klein, soos byvoorbeeld hase en knaagdiere.

Bruin hiënas het uitstekende reuksintuie en kan karkasse verskeie kilometers ver vind. Hulle vreet graag kos wat deur ander roofdiere agtergelaat is en jaag selfs hierdie roofdiere van hul eie maaltye weg.

In areas waar beide bruin hiënas en luiperds saamleef, het hulle gereeld dieselfde dieet. In Namibië is gevind dat bruin hiënas by 76% van gemoniteerde luiperds se vangste geas het. Hulle eet ook karkasse van diere wat vrek van natuurlike oorsake soos siektes, beserings, ouderdom en diere wat a.g.v. menslike praktyke vrek (bv. diere wat doodgery word, jag en veekarkasse op plase).

Hiënas word dikwels geblameer vir die dood van diere wat a.g.v. nie-roofdier verwante oorsake vrek (bv. rooiwater, hartwater, tuberkulose, of selfs as hulle plastieksakke of kunsmis vreet) wanneer hul spore rondom die karkas gevind word. In realiteit is daar min aangemelde gevalle waar bruin hiënas vee diere gejag het.



Bruin hiëna met vleis in sy bek.

6. Voordele van die bruin hiëna vir die boere

Bruin hiënas is uiters voordeling vir plase.

- Hulle is aasdier wat ontslae raak van dooie diere op 'n natuurlike manier.
- Omdat hula aas vir voedsel, verminder hulle die oordragssiektes. Soos Aasvoëls het hulle hoogs asiediese mae wat besmette voedsel van verwerk sonder om aangetas te word van die siektes self.
- Hulle kompeteer met kleiner roofdiere soos jakkalse. Bruin hiënas kan jakkalsgetalle en moontlike finansiële skade toegeskryf aan hulle, verminder.
- Hulle val nie mense aan nie. Intendeel, hulle verkies om areas te beset waar die laagste menslike beweging is.

In Serwië verwyder goue jakkalse meer as 3700 ton dieroorblyfsels en 13,2 miljoen plae op landboukundige gewasse. Hierdie "dienste" word geraam op ongeveer 0,5 miljoen Euros per jaar. In Suider-Afrika lewer die bruin hiëna dieselfde dienste vir die plaas eenaars. **Net so veel as wat jy bruin hiënas op jou grond nodig het, net so veel het hulle jou nodig om hulle te beskerm.** Geskikte plekke vir hul voortbestaan word al hoe minder.



7. Bruin hiënas en vee jag

Meeste studies het bevind dat vee slegs'n klein gedeelte (<10%) van die bruin hiëna se dieet uitmaak. Aangesien bruin hiënas amper eksklusief aasdiere is, is dit moontlik dat enige vee wat hulle eet alreeds dood is.

Daar is egter berigte dat bruin hiënas af en toe vee aanval. Sulke insidente word meestal toegeskryf aan'n alleenloper en nie die hele hiëna familie nie, aangesien hulle alleen aas. Deur voorkomende maatreëls in te stel, kan die moontlikheid daarvan om probleme met hiënas op te tel, verminder of voorkom word en jou in staat stel om die voordele van hiënas op die plaas sonder enige konflik te geniet. Bruin hiënas en ander roofdiere is opportunisties: as hulle 'n maklike maaltyd vind, sal hulle dit neem. Onbeskermd vee veral die jong bied 'n maklike geleentheid vir hierdie roofdiere.



8. Wenke vir die saamleef met bruin hiënas en ander roofdiere

Sekere roofdiere mag buit op onbeskermd vee soos skape, bokke en kalwe. Hierdie verlies beïnvloed nie plaaseienaars op 'n negatiewe manier. Deur wild konflik voorkoming mates aantestel sal die aanvalle op vee verminder en sal finansiële sekuriteit verbeter. Alhoewel dit soos 'n maklike oplossing klink om roofdiere uitteroei, bewys wetenskaplikes dat hierdie drastiese metodes meer koslig and minder effektief in die lang termyn as wat voorkoming metodes. Wanneer een roofdier uitgeroei is los dit 'n gaping in die grondsteek en ander roofdiere sal nie huiwer om hierdie gaping te vul nie. Die resultaat is soms erger as die oorspronklike probleem. Asook dit is onwettig om roofdiere sonder n permit dood te maak en aas diere soos die bruin hiëna mag dalk gif perongeluk inneem. Dit sal lei tot in toename in verlies van siektes in die langtermyn.

Daar is metodes wat die plaaseienaars kan gebruik om roofdiere te verhoed om toegang te hê tot hul vee and die bied 'n effektiewe langtermyn beskerming vir hul dierie insluitend:

- Hou vee, veral jong, beseerde, of siek diere, in 'n roofdierbestande kraal gedurende die aand. Kwesbare diere mag ook baat vind om deur die dag gekraal te word. Kyk op 'n gereelde basis vir gate en swak plekke in die kraal en maak seker u hou die kraal in stand. Roofdiere kan grou en daarom is dit belangrik om 'n goeie basis onder die heining van die kraal te hê.



- Bou die kraal naby aan die huis indien moontlik waar die mens se teenwoordigheid hul verder sal ontmoedig om naby te kom.
- Gebruik 'n veewag hond of ander wagdier soos 'n donkie. Dit sal ideaal vir die wagdier wees om saam met die vee groot te word om sodoende 'n nou verdedigingsband te vorm.
- Hou 'n skaapwagter by vee terwyl hulle in die bos is. Skaapwagters kan ook help met die toesig en bestuur van veewagtershonde, en om ondersteuning aan die waghonde in konfliktsituasies verskaf.



Indien u vee verlies ervaar:

- Ondersoek die oorsaak van die dood deeglik en moenie tot oorhaastige gevolgtrekkings kom nie. Net omdat u 'n bruin hiëna se spoor by die karkas sien, beteken dit nie dat die bruin hiëna die dier doodgemaak het nie. Dit was heel moontlik besig om te aas op 'n dier wat alreeds dood was. Dieselfde geld vir ander roofdiere. Gebruik die roofdier identifikasietabel op bladsy 10 om karkas-oorblyfsels te ondersoek.
- Wanneer jy vasgestel het wat die oorsaak van die dood is, probeer dan om te identifiseer of daar enige iets is wat verander moet word om die beskerming van die vee te verbeter. As die oorsaak 'n roofdier was, doen navorsing oor die ekologie van die roofdier verantwoordelik sodat jy die gepaste voorkomende maatreëls kan implementeer. Vra hulp en kry idees by bewarings-organisasies of regeringsbeamptes.
- Bestudeer die effektiwiteit van enige veranderinge wat jy maak aan jou vee- bestuur. Neem 'n aanpasbare benadering tot boerdery en probeer verskeie tegnieke as dit nodig is.
- Ondersoek jou eiendom gereeld vir strikke. Vee- en wildspesies kan doodgaan as gevolg van hierdie strikke. Bruin hiënas en ander roofdiere kan ook in hierdie strikke gevang word.

9. Roofdier identifikasietabel

Hierdie tabel dui tekens van roofdiergedrag in Suider-Afrika aan. Dit kan u help om die verantwoordelike dier in die geval van roofdier-insidente te identifiseer. Nietemin, neem asseblief kennis dat doodmaak- en voedingspatrone egter heelwat tussen individuele spesies kan verskil en dat verskeie spesies soortgelyke gedrag toon.

Beeld krediet: Rare and Endangered Species Trust (REST) en Christina Nick

		Conflict Potential	Tracks	Prey Location	Prey Size	Claw Marks	Stomach & Intestines
	Domestic Dog	Higher	Front Rear	Anywhere	0-400 kg	None	Partly eaten/ripped/strewn about
	Caracal	Higher	Front Rear	In grass/hole/under bush	10-25 kg	4 short	Intact/dismembered
	Black-Backed Jackal	Higher	Front Rear	Anywhere	0-50 kg	None	Partly eaten/ripped/strewn about
	Cheetah	Lower	Front Rear	Under bush/in grass	Over 10 kg	1 long	Intact/dismembered
	Leopard	Lower	Front Rear	In tree/grass/hole	Over 10 kg	4 short	Intact/dismembered
	Brown Hyena	Lower	Front Rear	In bush/hole	0-50 kg	None	Partly eaten/ripped/strewn about
	Spotted Hyena	Lower	Front Rear	At kill site, in grass	0-400 kg	None	Partly eaten
	Lion	Lower	Front Rear	Anywhere	All sizes	Claw marks on belly	Fully eaten
	Wild Dog	Lower	Front Rear	No Remains	0-400 kg	None	Fully eaten


Raptors - Conflict Potential: Very Low

Larger raptors may prey on poultry or weak, newborn lambs or kids. A raptor feeding on a carcass is not necessarily the original predator, but simply an opportunistic feeder.

Vultures - Conflict Potential: 0

Although you may see vultures soaring above your dead livestock or eating it, they are probably not responsible for killing it. It is extremely rare that a very hungry vulture will kill a weak, newborn lamb or kid. They are usually on a carcass because they have chased away the original predator.

* This table was taken from the Integrated Livestock and Predator Management: A Farmer's Guide © CCF 2004

Fang/ Location	Bite Width	Parts Eaten	Bones	Other Evidence
All over-random bites	36-58mm 3 fingers		Long bones chewed	Wool, fur, skin and remains scattered. No marks on throat. Face and ears chewed or torn.
Mostly throat/ back of neck	29-32mm thumb length		Rib ends chewed off	Wool, fur pulled out and scattered. Does not eat skin or guts. Red hair on prey skin.
Side of neck and lower jaw, hindquarters of larger prey	19-21mm thumb width		Rib ends chewed off	Face and ears chewed or torn. Forearms of larger prey may be separated from carcass. Meat taken leaving skin flap.
Throat	36-39mm 3 fingers		Rib ends chewed off	Does not eat skin or guts.
Back of neck, throat	40-46mm 4 fingers		Rib ends chewed off	Fur, wool pulled out and scattered. Does not eat skin or guts.
Huge fang bites in back of skull. Hindquarters of medium - larger prey	47-58mm 4 fingers		Skull crushed	Wool, fur, skin and remains scattered. Bites on rump. Only crushed bones, wool, hooves, blood and guts remain. Ears torn or chewed off.
First flanks, then udder and back	4 fingers		All bones crushed	Messy carcass remains. With a large pack, no evidence remains.
Throat	75mm		Large bones intact	Massive tissue damage.
All over	Thumb length		No remains	No evidence remains.
Bat-Eared Fox  Aardwolf  Black Footed Cat  Spotted Necked Otter  Conflict Potential: 0 These small predators are sometimes thought to be a threat to stock, but they feed only on small rodents and are too weak and small to attack livestock.				

10. Menings oor bruin hiënas

Daar is baie menings omtrent hiënas wat mense se persepsies oor hoe hulle die hiëna waarneem en teenoor hulle optree, beïnvloed. Meeste van hierdie algemene menings toon'n gebrek aan enige wetenskaplike bewyse. Sulke menings kan egter sonder enige goeie rede vrees onder mense skep en veroorsaak dat hulle hiënas doodmaak. Beter opvoeding en die vervanging van negatiewe opinies oor bruin hiënas met positiewe feite, sal daartoe bydra dat hierdie belangrike spesie beter bewaar word.

Algemene bygelowe oor bruin hiënas:

- Bruin hiënas maak gereeld vee dood.
- Bruin hiënas val gereeld mense aan.
- Bruin hiënas is hekse se diere. Hekse ry op hul rûe en verander hulself in hiënas.
- Bruin hiëna liggaamsdele het toorkragte. Hiënas se sterte word gereeld gebruik vir muti om of te help met diefstal of om as beskerming te dien teen diefstal. Hiënas se neuse word gebruik om verlore items te vind.
- Hiënas is tweeslagtig en kan van geslag verander.



'n Bruin hiëna wat doodgery is met sy stert afgesny vir gebruik in tradisionele medisyne (muti).

Bruin hiënas hou geen bedreiging vir mense in nie en maak selde vee dood. Voorkomingsmaatreëls kan help om moontlike veeverliese a.g.v. bruin hiënas te verminder. Bruin hiënas is finansieel en ekologies voordelig vir beide die boer en die veld. Deur negatiewe idees en opinies oor die bruin hiënas met meer positiewes te vervang, sal daartoe lei dat hul gemakliker saam met die mense van Suider-Afrika kan saamleef.

